Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2015

GEOGRAFIE V1

PUNTE: **225**

TYD: **3 uur**

IGEOGA1

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte vir ’n totaal van 225 punte.
3. Alle diagramme is in die BYLAAG ingesluit.
4. Laat ’n reël oop tussen die sub-afdelings wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag op ’n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Moet nie in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf nie.
8. Indien moontlik, illustreer jou antwoorde met geannoteerde diagramme.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE

VRAAG 1

1.1 Kies vanaf die onderstaande lys 'n gepaste term wat by die gegewe definisies in 1.1.1–1.1.8 pas. Skryf slegs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) neer, en langsaan die term van jou keuse:

Straalstroom; Siklonies; Orografies; Intertropiese Konvergensie Sone; Kontinentale klimaat; Maritieme klimaat; Sonstilstand; Dag-en-Nag-eweninge; Verwoestyning; Degradeer; Föhn; Moeson

1.1.1 Die situasie wanneer die son direk bokant 'n tropiese lyn is

1.1.2 'n Hoë spoed wind in die tropopouse

1.1.3 'n Wind wat deur adiabatiese daling verhit word

1.1.4 'n Wind wat van rigting omswaai in somer en winter

1.1.5 Grond wat nie meer so produktief soos voorheen is nie

1.1.6 Tipe klimaat wat deur kusgebiede ervaar word

1.1.7 Tipe reënval wat voorkom wanneer lug afkoel soos dit teen 'n berg opstyg

1.1.8 'n Front waar tropiese lugmassas noord en suid van die ewenaar konvergeer (8 x 1) (8)

1.2 Pas die terme/konsepte in KOLOM B by die beskrywings in KOLOM A. Skryf slegs letter (A–I) van jou keuse teenoor die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) neer, 1.2.8 J.

	KOLOM A		KOLOM B
1.2.1	'n Trap helling wat gevorm word wanneer meer as een plaat aan die kant van 'n heuwel blootgestel word	A	Tektoniese opheffing
1.2.2	Verbinding tussen lae van sedimentêre gesteentes	B	Plaatvloei
1.2.3	Steil helling wat hoogliggende gebiede met laagliggende gebiede verbind	C	Canyon
1.2.4	Oppervlak erosie wat veroorsaak word deur 'n dun laag lopende water gedurende swaar reënval	D	Struktuur-terrasse
1.2.5	'n Plat, verskynsellose oppervlak	E	Antikliene
1.2.6	'n Steil en ruwe landskap	F	Pedivlakte
1.2.7	Styging van landmassas weens aardkorskragte	G	Laagvlak
		H	Skiervlakte
		I	Eskarp

(7 x 1) (7)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat die wêreld se drukgordels en windpatrone aandui.

1.3.1 Verskaf ’n gepaste naam wat winde beskryf wat regdeur die jaar oor groot dele van die aarde se oppervlakte waai. (1 x 1) (1)

1.3.2 FIGUUR 1.3 toon winde wat na links in die suidelike halfrond deflekteer (afwyk) en na regs in die noordelike halfrond. Noem die krag wat hierdie defleksie veroorsaak. (1 x 1) (1)

1.3.3 Beskryf kortliks enige DRIE kenmerke van die krag wat jy in VRAAG 1.3.2 genoem het. (3 x 1) (3)

1.3.4 Verduidelik waarom die ewenaar ’n area van konvergensie is. (2 x 1) (2)

1.3.5 Patrone van styging en daling, van divergensie en konvergensie, help ons om ’n meer akkurate model van lugsirkulasie te beskryf. Regverdig hierdie beskrywing deur in ’n paragraaf van 8 reëls te verduidelik hoe die drie-sel rangskikking hierdie patrone verduidelik. (4 x 2) (8)

1.4 Verwys na die sinoptiese weerkaart in FIGUUR 1.4 en beantwoord die volgende vrae.

1.4.1 Identifiseer die volgende:

(a) Drukselle by A en B (2 x 1) (2)

(b) Die front by C (1 x 1) (1)

1.4.2 Bereken die isobar-interval op die kaart. (1 x 1) (1)

1.4.3 Watter bewys stel voor dat die windspoed by Kaapstad sterker as die windspoed by Port Elizabeth is? (1 x 2) (2)

1.4.4 Vind Gough-eiland en Marion-eiland op die kaart. By watter van hierdie eilande is wind amper geostrofies? (1 x 1) (1)

1.4.5 Verduidelik die rede vir jou antwoord in VRAAG 1.4.4. (1 x 2) (2)

1.4.6 Beskryf enige VIER weerstoestande wat by die Durbanse weerstasie aangeteken is. (4 x 1) (4)

1.5 FIGUUR 1.5 illustreer ’n klassifikasie van massabeweging volgens waterinhoud en -spoed.

1.5.1 Definieer die term *massabeweging*. (1 x 1) (1)

1.5.2 Verskaf die waterinhoud en spoedreikwydte wat met die volgende geassosieer word:

(a) Moddervloei (2 x 1) (2)

(b) Rotsstortings (2 x 1) (2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.5.3 Verduidelik hoe die verskillende grond die graad en spoed van massabeweging beïnvloed. (2 x 2) (4)

1.5.4 Evalueer die impak wat massabeweging op die omgewing het. (3 x 2) (6)

1.6 FIGUUR 1.6 illustreer ŉ tipiese Karoo landskap wat in gebiede met horisontale strata aangetref word:

1.6.1 Identifiseer die plat-bedekte berg by A. (1 x 1) (1)

1.6.2 Beskryf die kaprots van hierdie plat-bedekte berg in VRAAG 1.6.1 genoem. (1 x 2) (2)

1.6.3 Noem hoe C vanaf A en B onderskei word. (1 x 2) (2)

1.6.4 Teken ŉ eenvoudige geannoteerde vryhand dwarsprofiel van plat-bedekte berg A om die VIER helling-elemente te illustreer. (4 x 1) (4)

1.6.5 Eskarpterugwyking, wat ook bekend staan as terugwaartse erosie, het ŉ belangrike rol in die ontwikkeling van hierdie plat-bedekte berge gespeel. In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die proses van eskarpterugwyking. (4 x 2) (8)

[75]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.8) neer.

2.1.1 Hellingmislukking verwys na die …

A beweging van sedimente.
B invloed van swaartekrag op sedimente.
C invloed van swaartekrag op ŉ helling.
D mislukking van die interne struktuur van die grond.

2.1.2 Sedimentêre gesteentes …

A vorm in horisontale lae.
B bestaan hoofsaaklik uit doleriet.
C is altyd weerstandbiedend teen erosie.
D vorm wanneer magma afkoel.

2.1.3 Topografie verwys na …

A horisontaal liggende gesteentes.
B strukture van gesteentes.
C berge, see en depressies.
D die vorm van die landskap.

2.1.4 Canyon landskappe is …

A belangrike toeriste-attraksies.
B geskik vir boerdery.
C perfek vir menslike nedersettings.
D moeilik vir menslike nedersettings, maar ideaal om infrastruktuur te ontwikkel.

2.1.5 Stapelrotse/Tors …

A het gewoonlik ŉ konvekse vorm, steil laer af en geleidelik hoër op.
B is sedimentêre gesteentes wat uit lae wat erodeer bestaan.
C ontwikkel in stollingsgesteentes met krake en nate.
D het getande rande en portale.

2.1.6 Heuwelandskappe en basalt plato's ontwikkel in gebiede waar die gesteente-lae …

A horisontaal en eenvormig tot erosie is.
B horisontaal en nie eenvormig tot erosie is nie.
C gestratifiseerd en nie eenvormig tot erosie is nie.
D metamorfies en eenvormig tot erosie is.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.1.7 Kragte soos erosie en neerlating, wat bo-op die aardoppervlakte werk, staan bekend as …

A sametrekkende kragte.
B eksogeniese kragte.
C uitkalwende kragte.
D endogeniese kragte.

2.1.8 Rivier klowe en see kranse is voorbeelde van …

A primêre hellings.
B sekondêre erosie.
C deponering hellings.
D primêre erosie hellings. (8 x 1) (8)

2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat die verband tussen lugdruk en wind illustreer. Kies die korrekte term (EEN) tussen hakies om die stellings waar te maak.

2.2.1 Ons meet lugdruk in (hektopascal/grade).

2.2.2 Lyne wat plekke met dieselfde druk verbind staan bekend as (isoterme/isobare).

2.2.3 Die verskil in druk tussen twee plekke staan bekend as die (drukgradiëntkrag/drukkrag).

2.2.4 Winde waai altyd vanaf 'n (2.2.4(a) laag/hoog) na 'n (2.2.4(b) laag/hoog) druk.

2.2.5 Die isobarinterval op die kaart is (vier/agt) hektopascal.

2.2.6 Lug wat op die aardoppervlakte daal veroorsaak 'n hoogdruk, en vervolgens kom (konvergensie/divergensie) van lug voor. (7 x 1) (7)

2.3 FIGUUR 2.3 illustreer die posisie van die son op twee verskillende plekke in die suidelike halfrond. Gebruik die skets om die volgende vrae te beantwoord.

2.3.1 Definieer die term *insolasie*. (1 x 1) (1)

2.3.2 Die hoeveelheid insolasie wat die aardoppervlakte op 'n gegewe oomblik binnedring, is afhanklik van die breedtegraad en die spesifieke seisoen. Lys watter faktor (EEN) word deur FIGUUR 2.3 geïllustreer. (1 x 1) (1)

2.3.3 Noem hoe die spesifieke faktor (genoem in VRAAG 2.3.2) die verskil in insolasie op die aardoppervlakte illustreer. (1 x 1) (1)

2.3.4 Noem die hitte-sone van die aarde wat deur die letter X voorgestel word. (1 x 1) (1)

2.3.5 In FIGUUR 2.3B tref die son die aarde teen 'n hoek kleiner as 90°. Verduidelik hoe hierdie toestand bydra tot minder radiasie by punt Y. (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.4 Bestudeer FIGUUR 2.4, wat die frekwensie van droogtes in Suidelike Afrika-lande oor 50 jaar uitbeeld en beantwoord die volgende vrae.

2.4.1 Interpreteer vanaf die kaart die droogtefrekwensie aan die oostelike gedeeltes. (1 x 1) (1)

2.4.2 Watter land, volgens die kaart, het die hoogste droogtefrekwensie binne 50 jaar? (1 x 1) (1)

2.4.3 Hoe kan droogtes deur menslike aktiwiteite veroorsaak word? (2 x 2) (4)

2.4.4 Noem die verwantskap tussen droogtes en aardverwarming. (1 x 2) (2)

2.4.5 Verduidelik hoe dit moontlik is vir lande met ʼn lae jaarlikse reënval om minder droogtes, in vergelyking met lande met ʼn hoër gemiddelde reënval, te ervaar. (2 x 2) (4)

2.4.6 In ʼn paragraaf van ongeveer 8 reëls, verskaf ʼn uiteensetting van die negatiewe impak wat droogtes op die mense van Suidelike Afrika het. (4 x 2) (8)

2.5 FIGUUR 2.5 illustreer asimmetriese rûe (topografie geassosieer met hellende gesteentes). Bestudeer die FIGUUR en beantwoord die volgende vrae.

2.5.1 Klassifiseer asimmetriese rûe A, B en C volgens die hoek van hulle duikhelling. (3 x 1) (3)

2.5.2 Noem die tipe gesteente wat met hellende gesteentelae geassosieer word. (1 x 1) (1)

2.5.3 Beskryf hoe die tipe gesteente (antwoord in VRAAG 2.5.2) asimmetriese rûe veroorsaak. (2 x 2) (4)

2.5.4 Beskryf TWEE kenmerke van asimmetriese rug A. (2 x 2) (4)

2.5.5 Die DRIE asimmetriese rûe wat in FIGUUR 2.5 geïllustreer word, het potensiaal vir menslike aktiwiteite. Verduidelik in ʼn paragraaf van ongeveer 8 reëls hoe hierdie rûe deur mense benut kan word. (4 x 2) (8)

2.6 Bestudeer FIGUUR 2.6, wat die verskillende stollingsintrusie-verskynsels uitbeeld en beantwoord die volgende vrae.

2.6.1 Onderskei tussen intrusiewe en ekstrusiewe stollingsgesteentes. (2 x 1) (2)

2.6.2 Identifiseer die stollingsintrusie verskynsels genommer A, B en C. (3 x 1) (3)

2.6.3 Verskaf EEN landvorm wat kan ontwikkel uit verskynsels A en D onderskeidelik, wanneer hulle aan die aardoppervlakte ontbloot word. (2 x 1) (2)

2.6.4 Verduidelik hoe ʼn *lopoliet* gevorm word. (2 x 2) (4)

2.6.5 Noem EEN Suid-Afrikaanse voorbeeld van ʼn lopoliet. (1 x 1) (1)

[75]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING B: ONTWIKKELINGSGEOGRAFIE, HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID

VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande stelling en bepaal of die stelling na een van verwys na:

MOL Mees ontwikkelde lande
SOL Swak ontwikkelde lande
NIL Nuut geïndustrialiseerde lande

Skryf die nommers 3.1.1–3.1.8 onder mekaar neer en kies slegs **MOL** of **SOL** of **NIL** om langs die vraagnommer te skryf. Byvoorbeeld 3.1.9 **MOL**

3.1.1 Vinnig groeiende ekonomieë

3.1.2 Hoë vlakke van armoede, swak ekonomieë

3.1.3 Groeiende ekonomieë met ŉ groot informele sektor

3.1.4 Toegang tot dienste is uitstekend

3.1.5 Hierdie lande, volgens die Brandt-verslag is meestal in die noorde

3.1.6 Kolonialisme het groot negatiewe invloed op hierdie lande gehad

3.1.7 Sterk ekonomieë, met hoë vlakke van werksgeleenthede

3.1.8 Hierdie lande baseer hul ontwikkeling op uitvoergerigte produkte (8 x 1) (8)

3.2 Verskaf EEN term tussen hakies om elk van die volgende stelling WAAR te maak.

3.2.1 Windkrag is (betroubaar/onbetroubaar) dwarsdeur die jaar.

3.2.2 Die (Kiotoprotokol/COP 17) wat in 2002 geteken is, vereis lande om hul kweekhuisgasse te verminder.

3.2.3 Om gebiede op aarde onaangeraak in hul huidige toestand te hou, staan bekend as (bewaring/persevering).

3.2.4 Die organiese materiaal in grond staan bekend as (bogrond/humus).

3.2.5 (Ontbossing/Bebossing) is aanplant van bome in gebiede wat voorheen bebos was, maar gestroop is.

3.2.6 Hidroëlektrisiteit is ŉ (hernubare/nie-hernubare) bron van energie.

3.2.7 Die energie maatskappy (Eskom/Koeberg) produseer 95% van Suid-Afrika se elektriese energie. (7 x 1) (7)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.3 Verwys na die sirkel diagram in FIGUUR 3.3, wat wys hoe ʼn landelike vrou in Afrika tradisioneel haar tyd spandeer, om die volgende vrae te beantwoord.

3.3.1 Meld wat jy verstaan onder die term "*geslagsrolle*". (1 x 1) (1)

3.3.2 Bereken hoeveel persent word aan rus en slaap, volgens die sirkeldiagram, spandeer. (1 x 1) (1)

3.3.3 Volgens die sirkeldiagram word vroue in Afrika onderwerp aan spesifieke geslagrolle. Verklaar moontlike redes waarom dit veral op die Afrika-kontinent die geval is. (2 x 2) (4)

3.3.4 In ʼn paragraaf (ongeveer 8 reëls) stel moontlike maniere voor van hoe regerings op die Afrika-kontinent ekonomiese deelname deur vroue kan verbeter, om sodoende hul lewensstandaard te verbeter. (4 x 2) (8)

3.4 Lees deur die gevallestudie in FIGUUR 3.4 oor die Suid-Afrikaanse tekstiel-industrie en beantwoord die volgende vrae.

3.4.1 Definieer die term *globalisering*. (1 x 1) (2)

3.4.2 Lys enige TWEE positiewe impakte van *globalisering*. (2 x 2) (4)

3.4.3 Verskaf redes waarom moes die Suid-Afrikaanse tekstiel-industrie so baie fabrieke en besighede sluit. (2 x 2) (4)

3.4.4 Evalueer waarom China se klere uitvoere toegeneem het. (2 x 2) (4)

3.5 Lees die koerant artikel *Sonkrag verbeter landelike inwoners se* lewens (FIGUUR 3.5) en beantwoord die volgende vrae.

3.5.1 Noem wat verstaan jy onder die term, *alternatiewe energie*'. (1 x 1) (1)

3.5.2 Stel moontlike redes voor waarom 'Eskom geen onmiddellike planne gehad het om die boeredorpie te elektrifiseer nie'. (1 x 2) (2)

3.5.3 Identifiseer die toestel wat in die boeredorpie gebruik sal word om die sonkrag in energie oor te skakel. (1 x 1) (1)

3.5.4 Verduidelik hoe elektrisiteit sal help om armoede in die boeredorpie uit te wis. (2 x 2) (4)

3.5.5 In ʼn paragraaf van ongeveer 8 reëls, verduidelik die voordele wat sonkrag vir die wêreld inhou. (4 x 2) (8)

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.6 Verwys na FIGUUR 3.6, wat ʼn eenvoudige grondprofiel aantoon, en beantwoord die volgende vrae.

3.6.1 Pas die horisonne genommer 1, 2, 3, 4 en 5 met die volgende alternatiewe.

R-horison; A-horison; B-horison; O-horison; C-horison (5 x 1) (5)

3.6.2 Gronderosie is die verlies van bo-grond vanaf die grond deur water en wind. Lei af hoe ontbossing tot gronderosie bygedra het. (1 x 2) (2)

3.6.3 Analiseer hoe reënval tot die proses van uitloging gelei het. (3 x 2) (6)

3.6.4 Staaf waarom braking as ʼn effektiewe bestuurstrategie gebruik kan word om gronderosie te voorkom en te beheer. (2 x 2) (4)

[75]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende stellings verwys na Hernieubare of Nie-hernieubare hulpbronne verwys:

4.1.1 Windturbines wat energie deur wind opwek

4.1.2 Spesiale toerusting soos fotovoltaïese panele te gebruik om energie op te vang

4.1.3 Steenkoollae word gereeld deur groef- of strookmynbou verwyder

4.1.4 Gas is ʼn fossielbrandstof gevorm uit plantmateriaal

4.1.5 Eskom bedryf ʼn aantal hidro-elektriese kragstasies

4.1.6 Papiermeulens gebruik miljoene tonne saagsels en afvalhout om elektrisiteit op te wek

4.1.7 Etanol as ʼn bio-brandstof word van voedselgewasse gemaak

4.1.8 Geotermiese energie is energie wat opgegaar word vanuit warm gesteentes onder die aardoppervlakte (8 x 1) (8)

4.2 Kies uit die onderstaande lys ʼn gepaste term wat by die daaropvolgende beskrywing/definisie in VRAAG 4.1.1–4.1.7 pas. Skryf slegs die term van jou keuse teenoor die vraagnommer neer.

Proteksionisme; Handelsblok; Handelsooreenkoms; Vrye handel; Kapitalisme; Handelsbalans; Betalingsbalans; Tarief; Ekonomiese ontwikkeling

4.2.1 Die verhouding tussen die pryse waarteen ʼn land sy uitvoere verkoop en die pryse wat hulle vir invoere betaal

4.2.2 Die verhouding tussen die waarde van ʼn land se uitvoere en invoere

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

4.2.3 ’n Finansiële opsomming van alle betalings wat ’n land aan die res van die wêreld, binne ’n jaar, gemaak het

4.2.4 ’n Groep lande wat ingestem het om met mekaar handel te dryf

4.2.5 Belasting wat deur ’n regering ingesamel word wanneer goedere ’n land binnekom

4.2.6 ’n Kontrolering wat handel beperk, terughou of ondersteun in belang van die land se eie ontwikkeling

4.2.7 Om meer vryheid van handel toe te laat (7 x 1) (7)

4.3 FIGUUR 4.3 is ’n strokiesprent wat ontwikkeling en uitdagings in Afrika uitbeeld.

4.3.1 Lys enige TWEE uitdagings uit die strokiesprent wat Afrika se ontwikkeling affekteer. (2 x 1) (2)

4.3.2 Interpreteer hoe illustreer die strokiesprenttekenaar die uitdagings wat Afrika affekteer. (1 x 2) (2)

4.3.3 Ontwikkelingshulp word as ’n moontlike oplossing tot die uitdagings wat Afrika in die gesig staar, gesien. Verduidelik wat jy onder die konsep verstaan. (1 x 2) (2)

4.3.4 Verduidelik waarom Afrika aanhou om hierdie uitdagings te het, aangesien hulle die ontvangers van ontwikkelingshulp is. (3 x 2) (6)

4.3.5 Die Ebola uitbreek in Wes-Afrika het die lewens van meer as 5 000 mense in 2014 geëis. Skryf ’n paragraaf (ongeveer 8 reëls) waarin jy analiseer hoe humanitêre hulp die verspreiding van hierdie siekte kon verhoed het. (4 x 2) (8)

4.4 Verwys na FIGUUR 4.4 wat die vlakke van ontwikkeling van die BRICS-lande aantoon.

4.4.1 Waarom word die BRICS-lande geklassifiseer as ekonomies minder ontwikkelde lande? (1 x 1) (1)

4.4.2 Verduidelik die konsep, BBP (Bruto Binnelandse Produk) per capita. (1 x 1) (1)

4.4.3 Interpreteer waarom die BBP-groeikoers van Indië en China so hoog is. (1 x 2) (2)

4.4.4 Stel moontlike redes voor waarom Rusland die hoogste opvoedingsvlakke onder die BRICS-lande het. (1 x 2) (2)

4.4.5 Benoem die ontwikkelingsmodel wat deur die BRICS-lande gedeel word. (1 x 1) (1)

4.4.6 Verduidelik hoe pas die BRICS-lande in by hierdie ontwikkelingsmodel (jou antwoord in VRAAG 4.4.5) op ’n globale en nasionale skaal. (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

4.5 Verwys na die koerantuittreksel in FIGUUR 4.5 oor kernkrag.

4.5.1 Wat verstaan jy onder *kernenergie*. (1 x 1) (1)

4.5.2 Waarom is kernenergie ŉ nie-hernieubare bron van energie. (1 x 1) (1)

4.5.3 Verduidelik waarom Suid-Afrika se nasionale rooster ekstra energie nodig het. (2 x 2) (4)

4.5.4 In ŉ paragraaf van ongeveer 8 reëls, verduidelik waarom jy dink David Hallowes meen dat die R1tn kernooreenkoms ŉ ramp is. (4 x 2) (8)

4.6 FIGUUR 4.6 toon hulpbronne wat deur Afrika se mense benodig word.

4.6.1 Wat is *hulpbronne*? (1 x 1) (1)

4.6.2 Identifiseer enige DRIE natuurlike hulpbronne in FIGUUR 4.6. (3 x 1) (3)

4.6.3 Stel TWEE moontlike oorsake van hulpbronuitbuiting sigbaar op die diagram. (2 x 2) (4)

4.6.4 Verduidelik hoe hulpbronne vir die toekomstige generasies bewaar kan word. (3 x 2) (6)

[75]

TOTAAL: 225

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore